

CONTENTS / INHOUD

1.	Liewe Vriende	2
2.	Hermi Baartman 1 JULIE 1994 – 28 FEB 2009	4
3.	Godfrey Collett A life well lived	7
4.	Oom Abé de Klerk vertel	8
5.	William Roe se Northampton	9
6.	Yours sincerely, R M Sobukwe	12
7.	Compassberg	14
9.	Die laaste sê.....	16

REDAKSIE / EDITORIAL

Artikels / Articles:

Anziske Kayster, Hermi Baartman & Ansie Malherbe

Redigering / Editing:

Elizabeth van Wijk, Hermi Baartman & Jessie de Gama

Drukwerk en Produksie / Printing & Production

Denise van Wyk & Vuyokazi Pika

Liewe Vriende

Dit is al reeds Junie 2009. Winter is hier, maar gelukkig baai ons nog in die warm gloed van verskeie mylpale wat die afgelope paar maande bereik is. Ons het onder andere die Museum Indaba bygewoon, uitstallings beplan, gemeet, gepas en geverf en voor ek nalaat om te sê, koppe gebreek oor begrotings.

Teen die einde van Februarie het ons perdegallop plotseling tot stilstand gekom. Met 'n traan in die hart het ons afskeid geneem van Hermi Baartman en plegtig beloof dat ons 'n flentertjie van haar altyd met ons saam sal dra: dalk sou dit haar lekker druiwejam wees, die skilderye van slawe wat vandag in die Ou Biblioteek 'n spesiale ruimtetjie vul, of sommer net die langpadlekkergesels. Hoe dit ook al sy, by die museum sou daar altyd vir haar 'n oop stoel rondom die raadstafel wees. Tans oortref sy haarself as plaaslike korrespondent van *Die Burger* en kom sy gereeld gesig wys wanneer sy navorsing doen vir haar interessante artikels wat klokslag in die koerant verskyn.

Die Nuwejaarswarboel lankal vergete, het ons in Maart

weggespring en alle belangstellendes deeglik vertrouwd gemaak met Mondeling Oorleweringe. Die slypskool het lede geleer om hul liggaamstaal aan te pas sodat hul mense op hul gemak kon stel, om die regte vrae op die regte tyd te vra en bowenal, om aandagtig te luister en volledige rekord te hou. Tans deurkruis Die *Oral History Project Committee* die dorp en omliggende gebiede op soek na mense wat lus is om hul stories te vertel. Vertel gerus jou storie. Die komiteede is professioneel, goed geskool en individue wat graag 'n bydrae tot die behoud van ons erfenis wil maak.

Tussendeur het ek ook 'n praatjie gelewer by die Oos-Kaapse tak van die Suid-Afrikaanse Museum Vereniging wat hierdie jaar by Queenstown bymekaar gekom het. Telkemaal moes ek voet in die hoek van die museum motortjie sit om alle verpligtinge na te kom. Dit was voorwaar 'n besige tyd, maar mettertyd het die legkaart van besluit en implementeer inmekaar gepas.

Op 20 Maart 2009 het ons uiteindelik die lang verwagte Slawe en Lang Pad na Restitusie - uitstalling ge-open. Sò het ons aan die einde van 'n projek gekom wat

reeds in 2004 ontkiem het. Menige dae het dit gevoel asof ons maar moet tou opgooi, maar uiteindelik het vasbyt en deursettingsvermoë die spreekwoordelike wa deur die drif getrek. Nooit het ons kon dink watter impak die uitstalling op mense sou hê nie. Hul ootmoed en verwondering dat daar op hierdie wyse aan hul herinneringe en hartseer gestalte gegee is, was openbarend.

Internasionale Museumdag dateer al reeds uit 1977 en hierdie jaar het ek dit in Mount Ayliff saam met ons nuwe LUR gevier. Tuis het ons mense bewus gemaak van Internasionale Museumdag deur aan elke leerder 'n museumstrikkie wat van groen en wit krale gemaak is, te gee. Die publiek kon ook die museum gratis besoek en as ons gaste weer heerlik in die verlede verdwaal. Die kersie op die koek was egter die drama *Walking Tall* wat ons met behulp van 'n dramagroep by drie skole in die omgewing opgevoer het. Die drama vertel die storie van die ontstaan van die mens en selfs die konsep van evolusie word op 'n amuseante, dog verstaanbare wyse verduidelik. Ons hoop dat ons hierdie merkwaardige opvoering in die afsienbare toekoms vir die Vriende van die Museum kan opvoer.

Ons wil u ook terselfdertyd herinner aan die Jaarlikse Algemene Vergadering wat op Vrydag, 25 Junie 2009 om 14h30 by die Ou Biblioteek gehou sal word. Saam met hierdie nuusbrieff sal u ook 'n nominasievorm ontvang want dit is weer daardie tyd van die jaar wanneer die Vriende van die Museum 'n Ere-vriend aanwys. Nominasievorms moet voor die 22ste Junie 2009 ingehandig word.

Hierdie eerste nuusbrieff van 2009 is propvol interessante inligting. Ons bring onder andere hulde aan Godfrey Collet, gaan maak 'n draai in William Roe se tuisdorp, gesels met Hermi Baartman en gaan kuier op 'n Pietersburgse plaas in die 1970s.

Teen die tyd dat u hierdie nuusbrieff ontvang, het winter hom al seer sekerlik stewig in ons geledere tuisgemaak. Geniet dus hierdie nuusbrieff met 'n koppie lekker dik boontjiesop en as jy so gelukkig is om 'n kaggel te hê, dink aan ons wat minder gelukkig is en na die warmte van 'n regte vuurtjie smag.

Museumgroete

A handwritten signature in black ink that reads "Anziske". The signature is written in a cursive, flowing style with a large initial 'A'.

HERMI BAARTMAN

1 JULIE 1994 – 28 FEB 2009

Die opskrif is nou nie my grafskrif nie, maar dui op 'n tydperk van my lewe waartydens ek van krag tot krag gegaan het.

Soos vandag onthou ek my onderhoud met Mev. Beth Minnaar. Ek was uitgedos in 'n splinternuwe (tuismgemaakte) pienk rokkie en bypassende oorbelle. Ongelukkig het my Engels my in die steek gelaat, want toe sy vra na my “family” toe antwoord ek dat hulle wyd en syd versprei is oor Namibië en Suid-Afrika. Eers daarna kom ek agter sy wil weet van 'n man en kinders.

Ek het haar verseker dat die feit dat ek geen ondervinding het nie, nie teen my behoort te tel nie, aangesien ek 'n ywerige leser is. As ek nie iets weet nie, soek ek 'n boek en lees daaroor.

Die eerste paar maande was ek gekluister aan 'n klein skakelbordjie wat kon sien as ek gang-af dwaal en my met 'n skel trrrrrrrrrrrrrrrrr kon gebied om onmiddellik na my lessenaar terug te keer. Dit was die eerste ding wat gewaai het. 'n Nuwe telefoon-sisteem het my lewe handomkeer verander.

In die twee voorste kamers van die Ou Residensie was die geweerversameling. In die ingangsportaal het daar 'n klompie opgestopte dierkoppe teen die muur gehang. Ek het die hele tyd gevoel die twee gehawende takbokke beloer my met hulle groot, dowwe glasoë. By die eerste trusteeeraadsvergadering vra ek

toe ook permissie om die “tatty takbokke” uit sig te skuif, min wetende dat die trofeë jare der jare in die voorsitter se huis gehang het voordat dit in die Museum die laaste rusplek gekry het.

Mev Minnaar was my mentor. By haar het ek geleer om die versamelings te respekteer en het dit later lief gekry. Sonder hierdie respek vir ander se kosbare erfenis is dit bykans onmoontlik om 'n goeie kurator te wees. Die voordeel was dat sy ook, in die afwesigheid van 'n kurator, die leisels in die Museum oorgeneem het en dit vir drie maande bestuur het.

Al my kollegas deur die jare het 'n merkie op my gelaat en my 'n lewensles of twee geleer.

Reinette Warner het vele talente gehad en haar werk aangepak met entoesiasme. Sy het altyd puik idees gehad en saam het ons 'n paar Withondfeeste en groot funksies gereël met min of geen hulpmiddels nie. Alles moes geleen, gevra of aangery word Museum toe. Tot vandag toe weet ek nie hoe ons soveel reggekry het met so min nie. Elke stukkie papier is twee keer gebruik en daarna is dit “ge-recycle”.

Mev Every was vir my so mooi en korrek. Sy het haar werk geken en my baie geleer. Daar is net eenvoudig waarhede wat nie in boeke staan nie. Sy kon my ook mooi inlig oor die politieke klieke, groepsverbande en ook familiebande wat onderling in die dorp bestaan het. 'n Mens kan maklik

jou mond verby praat as jy nie die storie ken nie.

Vir drie jaar het ons so aangeploeter. Daar was een jaar wat ons 28,000 besoekers ontvang het met net drie dames wat vier museums moes volstaan. Dit was 'n vuurdoop. Toe word Anziske De Vries, Jessie Gouws en Patricia Blouw aangestel. Later kom Denise van Wyk, die vriendelikste mens op aarde, by. Wat 'n groot verskil het hulle nie gemaak nie! Daarvandaan het die Museum gedy. Al die lief en leed wat ons verduur het, die suksesse en groot terugslae wat ons getref het, kan boeke vul. Ons was 'n gedugte span en elkeen het sy eie talente op die tafel geplaas en ons kon mekaar aanvul en staatmaak op mekaar. Ons het 'n geweerkluis laat aanbou, versamelings op en af en heen en weer geskuif, Withond gestook en gekook. Niks het ons spoed gebreek nie.

Die enigste manier of van 'n museum personeellid ontslae te raak, is om hulle 'n miljoener te maak of om hulle op pensioen te plaas.

Dennis van Wyk, Syster Hector en James Van Rhyners was steunpilare deur die jare en mense aan wie jy jou beursie kan toevertrou – die sout van die aarde.

My grootste trauma was veroorsaak deur inbrake. Sodra jy die een moontlike swak punt versterk, slaan die pes op 'n ander plek uit! Met alle mag en alles in jou vermoë keer jy dat die versameling veilig bly. Gelukkig is die gewone inbreker nie op soek na

oudhede nie, behalwe as dit van renosterhoring gemaak is.

It takes a couple of years to get acquainted with the collections. Thus I would like to pay homage to a few people, starting with Peter Whitlock. He was the acting Chairman who welcomed me at the Museum on the 1st of July 1994. Peter was always there in deed and need.

His father, Mr Teddy Whitlock introduced me to the fossils. Of course they made no sense to me, being a product of fundamentalistic upbringing. This is where I experienced the biggest broadening of my mind. Nowadays, if you would like to see my ears prick up, just mention *Gondwana!* I love the stuff!

At some stage the Old Residency was being renovated and one of the Museum's staff members had to move to the Old Library. The Publicity Association was housed there and it was manned by them. Can you believe this! Mr Whitlock made us swot up the history and tourist information and subjected us to a quiz. To add insult to injury, Reinette scored higher than I! That blasted test actually fired my interest in the town's history. I wish I could repeat that test today and *cum* it, to impress Mr Whitlock.

Without the support of gentle, (and/or) knowledgeable chairmen, it is very difficult to manage a museum. I would like to thank Johan Minnaar who has taught me

to make short shrift of mountains and molehills.

Mr Martin had to deal with hysteric officials from time to time. He always answered a tirade with a calm "Ja Juffrou".

Mr Fynney was always the gentleman and must be lauded for the years of diligent support and input. He led the Museum through deep waters and over high mountains.

Being a chairman or member of the Board of Trustees is such a huge responsibility to shoulder. It is sheer, unselfish community service. I am of the opinion that the board members are not thanked and honoured enough by the community. They derive nothing for all the time and energy they sacrifice. To all the board members through my nearly 15 years at the Museum – THANK YOU AND BLESS YOU! The late Dr Theo Botha, Ansie Malherbe, Patrys Smith, Pat Wallis, Mev Smith, the late Mr Koeberg, Sakkie van Zyl. I can just go on and on.

I would also like to say a loud and resounding THANK YOU to Mr Grant Wallis for his hard work, support and knowledge with the building of the archives and the military history museum. He drew the plans, organised the splendid roof structure, worked out the materials needed and ordered them. He helped to hire and fire the builders. We built it on a shoe

string. We built it with more guts and determination than money, but what a splendid, useful venue it turned out to be. My gratitude was so great, I wanted to call it the Grant Wallis building.

My greatest privilege and pleasure was to meet the 2nd World War veterans and later get to know their history.

The most obnoxious insult I had to swallow, was the opinion of a Graaff-Reinet-millionaire, published on the front page of the Graaff-Reinet Advertiser, that the staff at the Museum were as lot of lazy government officials! I can still feel the hurt and pain.

In that vein I remember the day I was asked about the value of a little powder box in the possession of a visitor. I had no idea and recommended that she approach a museum in her area and she answered: "Ag no man, they are just as stupid". I took no offence.

A career at a museum is absolutely wonderful. So much to learn. Only total dedication is acceptable. There are many distractions, but one needs to keep one's priorities clearly in view. My priority was to respect each and every little object and artefact and to give it my best care. Of course, I failed in some instances, but I have few regrets.

The joys of the work were far more than a fly in the ointment during the last year of my employment. I could not really imagine a life

outside the museum. The separation was traumatic. There was this cold lump in my soul. I bought boxes full of tomatoes and turned them into jam. Fig jam for Africa was cooked, labelled and bartered. I am still deriving profit from all those activities.

I have boxes full of beads and earrings created in vacant hours. My work-room was organised in such a way that my children can find their way through the mire when I am gone and they need to discard my accumulated stuff of 60 and more years. I painted without any joy.

After a month, at the end of March, Die Oos-Kaap Burger asked me to be the local reporter and that actually gave me a new lease on life. I do not regard myself as the newshound with the sharpest teeth, but with an Afrikaans spell-check and more than enough enthusiasm, I have seen my name in print many times, to my utter delight.

The fact that I can do weekend duty in the museums gives me a great amount of pleasure.

I have just been nominated to serve on the Tourist Office Committee and I am certain that I have a lot to contribute in that capacity.

Yesterday I really felt like a full-blown pensioner when I received my first pension pay-out.

Thank you to all the friends who supported and helped me through the years in so many ways.

Godfrey Collett
A life well lived

"I was the last of the column to reach the depot where they were issuing uniforms. There were three rooms, one for removing our old clothing, then a shower and finally the fitting room. I wanted to keep my boots as a souvenir of our 1500 km march, but the army was adamant. All they left me were my wallet, razor and photographs. There were no uniforms left and I was finally dressed in an outsized white silk shirt, a pair of cotton long-johns and somewhat large boots. One chap stared at me and laughed, "My, but you are unlucky!" I felt the luckiest man in the world. I was new from head to foot. I was free and I walked round the camp for a couple of hours until the new kit arrived. But I didn't give the silk shirt back to them. I took it home and later on my wife made little dresses for our first two babies out of it."

(Extract from the Shadowed Space - a Prisoner of War Remembers by Godfrey Collett)

After matric Godfrey began farming with his father. He loved the land and spent his whole working life on Katkop except for 4 years and 4

months during World War II. He met Joan Bladen in 1939 and they became engaged during his embarkation leave.

Godfrey joined Die Middellandse Regiment which was deployed in Egypt. In June 1942 the whole regiment except one company was captured at Tobruk. Godfrey spent the rest of the war in POW camps in North Africa, Italy and Germany. In later years he wrote of his experiences in "A Shadowed Space."

After the war a DMR Association was formed in which Godfrey was a driving force until its dissolution on the occasion of its 50th anniversary. The regimental colours hang in St James's Church, Graaff-Reinet.

Godfrey played an active role in farming circles. He was president of the Red Poll Cattle Breeders' Association and served on the soil conservation committee for 17 years. Godfrey and Joan were married for 63 years and had 3 daughters and 3 sons and many grand- and great grandchildren. They retired to Graaff-Reinet in 1996 where Godfrey helped the museum to record the DMR history. He wrote his memoirs and published them with his earlier book as "Sunlight and a Shadowed Space." He enjoyed conversing with friends and family, playing bowls,

gardening and driving in the Camdeboo National Park until his 90th year. He died peacefully on 21 March 2009.

A life well lived.

OOM ABÉ DE KLERK VERTEL:

"Ek is gebore op Pietersburg en het ook daar skoolgegaan. Ons huis was die eerste huis soos jy aangekom het en ons het altyd lank voor die ander geweet dat daar besoekers op pad was. Ons was nege: 3 seuns en 6 dogters. As kinders het elkeen maar sy of haar dagtakie gehad. Die dogters moes die beeste, varke, bokke en hoenders voer en die seuns moes die donkies inspan en ook sorg dat Pa se bladsak gepak was. Pa was 'n skeerder en draadspanner wat soggens vroeg na plase toe moes ry. Nadat ons ons takies afgehandel het, was dit tyd vir skool. Die skoolgebou was binne loopafstand van die huis. Kerkdienste was ook in die skoolgebou gehou en het somtyds aangehou tot middernag. Daarna het die gaste by ons huis aangekom vir 'n 'tea meeting'. Ons het musiek met 'n kitaar gemaak. Almal het gesing en gedans, somtyds tot die volgende dag. Ons jongetjies het die askoek gedans en kierie geslaan.

Ons huise het bestaan uit twee slaapkamers, 'n voorhuis en 'n kombuis. Dit was jou tipiese plaashuisie gemaak van modder en hout. Pa het later verbeteringe

aangebring en toe is dit met baksteen gedoen.

Geleenthede na Graaff-Reinet was maar skaars. Ons het op Vrydae met 'n spoorwegbus dorp toegegaan. Ander tye het ons maar staat gemaak op 'n geleentheid met die plaaseienaar as ons sake in die dorp wou doen.

Ons was egter soos een groot familie en het gereeld vriende en ander familieleden op ander plekke besoek. Sommer te voet. Ons was gewoon aan stap. As jy 'n fiets of perd gehad het was jy gelukkig. Toe ek so opgeskote was, was daar 'n winkel naby ons, maar mettertyd moes ons tot by die volgende plaas loop om goedjies aan te skaf.

Die jaar 1970 het iets baie onaangenaams gebeur: Mnr Charles Herold het Prokureurs Gerrie Smith & Charles Maasdorp na die plaas ontbied. Ons het kennis gekry om die plaas te verlaat volgens die Groepsgebiedewet. Dit was vir ons skokkend en bitter seer. Ons was geheg aan die plaas. Ons kon vir onself sê en het selfs ons tuintjies bewerk. Daar was altyd 'n koei of twee, 'n paar bokke en skape. Maar my ouers moes na 'n viertrek op die dorp verhuis.

Ek was toe al reeds met Johanna getroud en ons dogter, Catherine, is op die plaas gebore. Ons moes ook dorp toe trek. Vir bykans 'n jaar het ons ingewoon by my skoonsuster, te 58 Asterstraat, Kroonvale. Intussen het ons probeer om ons eie huis te bekom en is op 'n waglys van die

Behuisingskantore in Kroonvale geplaas Pietersburg se mense het voorkeur gekry. Weet nie hoekom nie. Uiteindelik het ons 'n huis in Kromstraat gekry. Die huis het bestaan uit drie vertrekke en huur was R7.50 per maand

Die aanpassing in die dorp was moeilik, maar ons was baie gelukkig om gou werk te bekom in Graaff-Reinet. 'n Tyd daarna is groter huise met spoelgeriewe gebou. Die Polisie Akademie waar ek gewerk het, het my gehelp om aansoek te doen vir hierdie huis.

Ons geniet dit hier in Oosstraat. As 'n mens ouer word, wil jy vastigheid hê. Ons wag al baie jare lank want ons het gehoor ons sou vergoeding ontvang vir die huis wat ons op Pietersburg verloor het. Hopelik is dit nou nie meer te lank nie.....

William Roe se Northampton

Ansie Malherbe, een van ons trusteeeraadslede, is tans besig met haar doktorsale proefskrif oor William Roe. Sy is sommer lekker deur die gogga gebyt soveel so dat sy selfs 'n draaitjie in Northampton, William Roe se geboortedorp gaan maak het. Sy het 'n tydjie afgeknyp om haar indrukke neer te pen.

Foto's.

Al ooit gedink hoe kleurryk is die lewe danksy hierdie prentjies op die lewe, en hoe kleurloos dit sou wees daarsonder? Onder aardse kleinode

moet foto's beslis van die kosbaarste wees: Hulle sê van waar ons gekom het en waarheen ons gegaan het; wie ons is en wat ons geword het; wat ons gedoen het en wat met ons gebeur het; wat vir ons mooi is en wie vir ons dierbaar is. Foto's verskaf 'n prentjie op die lewe, wat die lewe oorleef. En hulle hou herinneringe lewend.

Hoe waar is dit nie oor William Roe se ongelooflike nalatenskap nie! Graaff-Reinet en alle kultuurhistorici is dankbaar oor die prente op die lewe wat hy met sorg aan ons nagelaat het. Hy maak dat ons kan sien en beleef hoe die geskiedenis van Graaff-Reinet (1859-1916) ontvou het. Ons ken almal sy foto's, en daarom was dit 'n voorreg om te kon loop waar hy en sy familie eens gewoon het.

Ek het op 'n yskoue dag in Oktober 2008 besoek afgelê in Northampton. Dit was 'n wonderlike ervaring om te weet ek stap nou in die dorp rond wat vir jare ook die tuiste van William Roe en sy familie was. Hy is op 25 Maart 1827 in Northampton gebore. Met behulp van die internet se sensusprogram wat in Engeland beskikbaar is, het ek inligting ingewin. Ek het ook mondelinge inligting by inwoners van Northampton gekry. Hulle was baie behulpsaam en trots dat daar oor hulle dorp navorsing gedoen word.

Northampton is 'n groot besigheidssentrum in sentraal

Engeland. Die dorp is op die walle van die Nenerivier geleë en is deel van die groter distrik van Northamptonshire. Die dorp het ongeveer 189,474 inwoners en is volgens grootte die 21ste grootste nedersetting in Engeland. Dit is 108 km noord van Londen. Die dorp bied goeie Museums en kunsgallerye asook teaters. Daar word baie feeste in en om die dorp aangebied en die een groot winkelsentrum is rondom Engeland se oudste markplein opgerig. Northampton is baie naby Althorpe, die landgoed waarop Diana Prinses van Wallis, begrawe is. In 1997 het haar begrafnisstoet deur die dorp beweeg.

Daar is bewyse gevind dat daar reeds tydens die ystertydperk mense in die Northampton-omgewing gewoon het. Die landbougemeenskap dateer sover terug as die 7de eeu en teen die 8ste eeu was die nedersetting wat toe bekend gestaan het as Hamtun, 'n administratiewe sentrum vir die Koningryk van Mercia. Die dorp het gedurende die 11de eeu gegroei toe die Normandiërs stadsmure asook 'n groot kasteel daar opgerig het. Daar is 'n groot hoeveelheid Middeleeuse argitektuur wat ondergrondse tunnels insluit wat vandag nog in Northampton te sien is.

Northampton het een van die grootste Joodse bevolking in 13de eeuse Engeland gehad. In 1277 is daar 300

Jode tereggestel, blykbaar omdat hulle nie belasting betaal het nie en is die oorblywende Jode uit die dorp verjaag. Die dorp is beheer deur amptenare wat namens die Koning opgetree het; dié amptenare het die belasting ingevorder en wet en orde gehandhaaf.

In 1261 is daar 'n Universiteit op die dorp gestig. Die meeste studente het vanaf Cambridge gekom. Dit het vir 'n kort ruk goed gegaan met die universiteit, tot Koning Henry III die instelling gesluit het weens die bedreiging wat dit glo vir die universiteit van Oxford ingehou het. Daar is vandag weer 'n universiteit op die dorp.

Northampton het die regering gedurende die Engelse Burgeroorlog ondersteun. Koning Charles II het uit wraak teenoor die dislojale inwoners die dorpsmure en kasteel vernietig. Die treinstasie van die dorp staan vandag op die plek van die oorspronklike kasteel.

In 1675 het 'n brand feitlik die hele Middeleeuse dorp vernietig. 'n Georgiëanse dorp het herry, maar tydens die industriële revolusie het Northampton in 'n nywerheidssentrum ontwikkel. Die heel belangrikste en bekendste nywerheid in die dorp was ongetwyfeld die verwerking van leer en die maak van skoene en stewels. Skoene van uit Northampton is reg

oor die wêreld gedra, vanaf Australië tot Kanada. Die Britse weermag het ook stewels van die bekende skoefabriek gedra. Tydens die Krimoorlog het die weermag twee skepe vol stewels bestel. Hulle het besef daar lê 'n koue Russiese winter voor. Om een of ander onverklaarbare rede is die linker-stewels in een skip en die regter-stewels in 'n ander skip vervoer. Ongelukkig het een van die skepe onderweg na sy bestemming gesink, en moes die soldate maar noodgedwonge die oorblywende skoene aan albei voete maak pas! Tydens die Napoleontiese oorloë van die laat 18de en vroeg 19de eeu het die skoefabriek as gevolg van die groot aanvraag na skoene, gefloreer.

William Roe se vader was ook 'n skoemaker van beroep. Hy het gespesialiseer in die maak van die lees waarop die skoene gevorm is. William Roe het in sy vader se voetspore gevolg en sy beroep word in 1841 as leerling leesmaker beskryf. William en sy vrou Mary Ann (née Durham) het in Bradshawstraat Northampton gewoon. Die huis bestaan nie meer nie. Hulle was lidmate van die St Giles Anglikaanse kerk wat deel van die "Church of England" vorm. Dit is 'n pragtige ou klipkerk geleë op die hoek van St Giles Terras en Spenser Parade, met 'n begraafplaas reg rondom die kerk. Die gebou word baie goed in standgehou. Daar is vandag 300

volwasse lidmate en ongeveer 100 kinderlidmate. Dit is 'n lewendig kerkgemeenskap wat gereeld musiekkonserte hou om fondse in te samel.

William Roe het baie belanggestel in natuurwetenskap en het analitiese wetenskap by die firma van H. Turner in Manchester gaan studeer. Hy het later ook 'n kursus in fotografie aan die Londense skool vir fotografie gaan volg. Dit is onbekend hoekom hy en sy vrou en drie kinders na Suid-Afrika geïmmigreer het. Hulle het gedurende 1858 aan boord die *Aurifera* in Algoabaai aangekom. Hy het eers 'n fotografie-ateljee in Port Elizabeth geopen voordat hy en sy gesin hulle in 1859 permanent in Graaff-Reinet kom vestig het.

YOURS SINCERELY,
R M SOBUKWE

Hermí Baartman

Part of the Sobukwe collection in the care of the Graaff-Reinet Museum are copies of letters written by Sobukwe to Mrs Nell Marquard. The letters span eleven years, from 11 October 1963, written from Robben Island, to 21 December 1974, from Kimberley, where he spent his last few years.

Mrs Marquard lived in Claremont, in Cape Town.

Mrs Marquard supplied Sobukwe with valuable prescribed reading matter for the correspondence course he enrolled for at The University of London, a BSc.Econ. He especially appreciated *The Listener*.

From his childhood Sobukwe was an avid reader, like the rest of his family. He mentions that he had recently finished *The Ugly American* and Orwell's *1984*.

Nell sent some seeds to Robben Island. Sobukwe had a large garden but the soil on the island was of desperately poor quality. Sobukwe planted beans, carrots and beetroot.

I presume these letters were thoroughly censored, thus most of the discourse was of a general matter. I enjoyed his recollection of his childhood in Umasizakhe, as follows:

Robben Island Prison 16 March 1966. There was a time at Graaff-Reinet when it was fashionable for the ladies of our location - the less inhibited ladies - to declare: - "of course ja, dit pak op my bors ja" whenever they intended om iemand te "shout", both expressions referring to a deplorable practice whereby the deformities and deficiencies of the "iemand", real and imaginary,

mental, physical and spiritual, were loudly emulated, to the delight and or embarrassment of the ever-present crowd.

We had experts, of course, poetic geniuses with amazing power of observation and description.

In those days ladies were on the plumpish side and small waists Foundation garments were, by the class I am dealing with, looked upon with scorn. Men were terrified of such women, oh! But terrified! Who wouldn't be, of people who, on the spur of the moment could describe the physiognomy of a rival as an "afdrant gevreet", simply because the individual concerned had a rather broadish and flattish face. I can write pages about them, the darlings who brought me up."

A discussion about the snobbery attached to "Nederlands" in the olden days Sobukwe evoked the following:

"This reminds me of the Coloured preachers at Graaff-Reinet. The African and Coloured people constituted one congregation, in all denominations, so that services were conducted in both Xhosa and Afrikaans. In those days – the thirties – the Methodist Church seemed to believe that a preacher was a more reliable agent of God

if he was uneducated. The emphasis was on the "indwelling spirit". The result was that most of our preachers, African and Coloured, were barely literate. However, it was an unquestioned convention in those days that a preacher just could not see a word if he did not have his glasses on. And as most of them were laborers who had to change into their Sunday bests, it wasn't unusual for them to find they had left their glasses behind.

But this is not where all this nonsense is leading up to, they had to create the impression that they could read. One old man who couldn't read, would ask his congregation to sing *gesang 256 in die MaXhosa taal* – for a very long timeen 46 in Hollands – *Dag des wonderen, dag des oordeel en als wat daarop volg ...* And they would bring the house down, for God was understood to be very indulgent. Some sinners had been known to go to heaven because they had used their musical talent – meaning lung-power – that's all.

Oh, but they were an imaginative lot! Here's one preacher on the fall of man. Painting a picture of God calling **Adam, Adam,** and Adam answering from the recesses of some thick bush, **here am I.** God then asks him if he has

eaten of the fruit and he replies **It is this woman you gave me.** God ignores the implied accusation presses on to her and she blames the snake. God looked it (the snake) up and down as it stood there in arrogant defiance. **It's those blinking legs that give you ideas,** said God, and with that swish he cut off the legs and flat on his belly fell the snake. This, mind you, is given in onomatopoeic language, with the appropriate gestures – faithfully reproduced by the interpreter and when snake falls **BLAXA!**, explosive consonants and clicks and gestures convey most vividly the precipitate prostration of the original snake.

On 1 May 1967 Nell and Sobukwe abandoned the formality and the letters commenced with *My dear Nell.* It was obvious that Nell Marquard was really a friend in need and a friend in deed. She assisted Mrs Sobukwe in many ways and Mr Sobukwe's wish was her command.

Sobukwe writes about the new informal way of addressing the letter: *First of all, regarding the salutation: I am not feeling as confident as the grammatical "possessive" might suggest. And I have traced the reason for my*

uneasiness, back to Graaff-Reinet.

They are a lot that are very status – conscious, those Graaff-Reinetters. And status is determined by and large, by the years of the calendar, so that anybody who is a mere five years older than one will remark, when addressed by name:

"Jy moet 'n draai maak!" They would tell you "JY VAT SLEG KANSE" in addressing you by name but I shall make the draai when we meet. Thank you, indeed, for suggesting that the formality come to an end.

Compassberg -

Where the moon floats like a golden ball

They say that if Compassberg were situated on the southern point of Africa instead of far away from all metropolitan and congested areas midway between Cape Town and Johannesburg, it would have been as famous as Table Mountain.

At 2505m Compassberg is the second highest peak in the Eastern Cape and was named when Colonel Robert Jacob Gordon, Commander of the

Dutch Garrison at the Cape (1780 – 1795) first called the mountain Compassberg in 1778. Gordon had a restless zeal and undertook many explorations into the interior. In October he undertook a journey of great magnitude. He proceeded from Swellendam to Beervlei, the confluence of the Kariega and the Salt Rivers and from there to the Sneeu Berg. Travelling from there, he became the first effective discoverer of the Orange River (or Gariep) in that area.

His journey eventually continued through the Sneeu Berg and as an experienced mountaineer he climbed what he named Compassberg. According to John Barrow, Compassberg was named so by Gordon because steams flowed from it in all directions, but according to Lichtenstein, Gordon thought it to be the highest point in South Africa and named it Compassberg because of the fine all-round view from its summit.

A large San population was also present in the

Compassberg area when the earliest farmers began colonizing the area in the 1700s. For many years, Prof Garth Sampson and others have excavated in the area and over 5000 m² have been explored. Over 16 000 surface sites with large concentrations of stone artifact have been discovered.

Today the Compassberg trail is very famous and Mike Sporen of the Mountain club of South Africa enthuses about the many valleys of the mountain that still needs to be explored. He also noted that there appears to be graffiti that dates back to the 1870s.

At the foot of Compassberg where the present day hiking trail starts, the Afrikaans poet G A Watermeyer (1917 – 1972) was born and the area became the inspiration for many of his poems including "Oestyd" which describes the cutting of wheat with sickles as it was done in the olden days.

Oujaarsaand – ons sal vannag
Die laaste akkers sny

Wanneer die maan oor
Kompasberg
Met sy wit seile ry.

Die laaste sê.....

"Jy weet seker nie wie in hierdie huis gebly het nie!"

"Dalk familie van Saartjie?"

"Jakarandas in die tuin. Wat 'n skande!"

"Slaap julle hier in die museum?"

"I would like to be addressed in English/ Afrikaans/ Xhosa/ Chinese/ French/ German"

Hierdie is maar net 'n paar van die aanmerkings wat ons soms tot raserny dryf, ons ons hare uit ons koppe laat trek en teen die mure uitdryf. Tande kners nie uitgesluit nie.

Besoekers is nie die mees taktvolste wesens op aarde nie. Die museum is 'n openbare plek en die museum assistent openbare eiendom. In verskeie kliëntediens werksinkels het ons geleer dat die kliënt altyd reg is. Woorde word maar altyd teruggesluk en die humeur in toom gehou. Mens weet nooit

waaroor die Advertiser volgende gaan berig nie. *Professioneel* en *houding* is die wagwoorde.

Maar op 'n dag kom sit daar 'n duiwel op jou skouer en draai jy gedwee om sodat hulle vergelykings kan tref met ene Saartjie, gaan haal jy die geskiedenis doer ver totdat daar later so 'n waas voor hul oë verskyn en gaan wys jy hulle die bed waarop jy kastig so lekker 'n uiltjie geknip het.

En saans wanneer 'n stilte-kans hom voordoën, haal jy die dag se besoekers uit en tob, bekyk en bepeins jy julle deeglik, want dit is per slot van sake diegene wat eendag die blaaië van jou *memoirs* moet vul.

Tot ons weer gesels.....

